

Ontmoeting 3

Jesus in die tempel

Jesus bly agter in Jerusalem

Teks: Lukas 2:41–51

Hulpmiddels:

- Klein karakters soos papierpoppies, houtfiguurtjies e.a. om Josef, Maria en die seuntjie Jesus voor te stel
- A4-papier en sosatiestokkies
- Afdrukke van doolhof
- Papier en kryte
- Sandbak
- Houtblokkies
- Gom



Welkom

Speletjie:

Steek 'n klomp klein items op moeilike plekke weg en laat die kinders daarna soek sonder enige leidrade. Hulle moet aanhou soek, totdat al die goed gevind is. Die idee is dat hulle amper moedeloos raak.



Wyding

Stilword-ritueel:

Gebed: Die leier bid elke keer 'n sinnetjie en die groep herhaal dit saam:

Dankie Heer, vir hierdie dag.

Dankie dat die Bybel vir my sê dat U my liefhet.

Dankie dat U mens geword en vir ons die pad kom loop het.

Help ons om U ook te volg...

...soos ons nou in die gebed ons leier gevolg het.

Amen



Woord

Berei die sandbak voor: Gebruik houtblokkies om die tempel en 'n paar ander geboue in Jerusalem voor te stel. Sit nog 'n houtblokkie ver van die eerstes neer. Ander belangrike karakters: Josef, Maria en die seuntjie Jesus. Vertel die verhaal terwyl jy die figuurtjies in die sand beweeg:

Jesus se ouers het elke jaar Jerusalem toe gegaan vir die Paasfees. Na die fees is hulle terug na Nasaret toe, maar Jesus het in die tempel agtergebly. Josef en Maria het dit nie agtergekom nie. Hulle het gedink Hy is by ander familieleden wat ook op pad terug was. Eers 'n dag later kom hulle agter Jesus is nie by hulle nie. Maria en Josef moes omdraai en teruggaan na Jerusalem.

Na 'n lang gesoek kry Josef en Maria die volgende dag vir Jesus in die tempel. Hy het tussen die geleerdes gesit, na hulle geluister en hulle uitgevra. Almal was verbaas oor hoeveel Hy geweet het en oor sy antwoorde. Toe Maria en Josef vir Jesus daar sien, was hulle omgekrap. Maria sê dadelik vir Hom: "Hoekom het jy dit aan ons gedoen? Ons is al dood van bekommernis oor jou. Ons soek oral na jou." Maar Jesus sê: "Hoekom soek julle na my? Julle weet mos ek moet in die huis van my Vader wees." Josef en Maria het nie verstaan wat Jesus vir hulle sê nie. Hierna is Jesus saam met hulle terug na Nasaret toe en Hy was aan hulle gehoorsaam.

Hier is 'n video oor hierdie verhaal: <https://youtu.be/ghs1FcTZoWA>

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:


1. Ek wonder van watter deel van die storie jy die meeste gehou het.
2. Ek wonder hoe jy sou gevoel het as jy soos Jesus tussen die slim mense gesit het.
3. Ek wonder wie jy graag in die storie wou wees.



Werskaf

Kinders kan self in die sandbak weer die hele storie uitspeel.

- Gee kryte en papier om te teken.
- Maak voor die tyd 'n boekrol (hulle het in Jesus se tyd op boekrolle geskryf) om as voorbeeld neer te sit. Plak die kort kante van 'n A4-papier vas aan twee sosatiestokkies en rol dit na die middel toe op. Voorsien papier, gom en sosatiestokkies sodat hulle vir hulself boekrolle kan maak as hulle wil. Hulle kan ook daarin skryf of teken.
- Sit 'n paar afdrucke neer van die doolhof.



Sluit af met die seënbede

Help Maria om na Jesus te soek op die teëls van die tempelvloer.
Onthou: Jy moenie tussen die teëls loop nie, maar op die blokkies en diamante wat die vloerteëls vorm.

